6.5.1 Die OPE sal onder oopboekomstandighede geskryf word in ooreenstemming met kennisbestuursbeginsels. (Sien afdeling 8: “Toegelate Tekste, hieronder en verwys ook na die “Open Book Assessment – User’s Guide” op www.irba.co.za).

6.6 Slaagvereistes

6.6.1 Die maksimum getal punte wat vir die eksamen toegeken word, is 200, en ’n kandidaat moet ten minste 100 (met ander woorde 50%) behaal om te slaag. Die oorkoepelende evaluering word gegrond op die totale punte wat kandidate in albei vrae behaal. Geen subminimum geld vir elke vraag of gedeelte daarvan nie.

6.7 Taal

6.7.1 Die eksamen word in Afrikaans en in Engels gedruk. ’n Kandidaat kan die eksamen in enigeen van hierdie twee tale aflê.

7. VERANDERINGE IN WETGEWING, STANDPUNTE EN GEOPENBAARDE KONSEPTE

7.1 Die Eksamenkomitee sal die eksamineerbare rekeningkundige en ouditverklarings bepaal en besonderhede daarvoor op die IRBA-webwerf (www.irba.co.za) publiseer.

8. TOEGELATE TEKSTE

8.1 Enige uitgawe van die volgende boeke word toegelaat, alhoewel die mees onlangse uitgawe van die boeke verkieslik is:

- *IRBA Manual of Information, Guidelines for Registered Auditors*, 2010.
- *SAICA Handbook: Volume 1A, 1B en 1C (“A Guide through IFRS”), Volume 2 (Auditing) en Volume 3 (Accounting, Ethics and Circulars)*.
- *SAIGR Wetgewingshandboek (Volume 1 en 2)* (LexisNexis: Durban).

8.2 Die volgende afskrifte (tekste wat vanaf die IRBA-webwerf afgelaai kan word/of deur relevante koppelings) word toegelaat:

- IRBA Manual of Information, Guidelines for Registered Auditors, 2010;
- IRBA “PAAB Code of Professional Conduct”;
- IRBA “Old Disciplinary Rules”;
- IRBA Circular: Giving Second Opinions (issued 30 June 2006);
- IRBA Guide: Reportable Irregularities;
- IRBA Guide: The auditor attending the annual general meeting;
- SAAPS 3 (Revised- issued March 2010);
- Revised SAAPS 3;
- Code of Governance Principles – King III Report;
- IFRS for Small and Medium-sized Entities;
- ISAE 3402: Assurance Reports on Controls at a Service Organisation;
- SAICA Guide: Trading Whilst Factually Insolvent (as updated June 2009); and
- The Corporate Laws Amendment Act No 24 of 2006.

8.3 Kandidate moet hulle eie kopieë van bogenoemde toegelate tekste voorsien.

8.4 Onder geen omstandighede hoegenaamd mag kandidate voor of tydens die eksamen die toegelate tekste annoteer of daarin skryf nie. Kandidate mag egter voor of tydens die eksamen die tekste beklemtoon (*highlight*), onderstreep, in die kantlyn merk en/of met vlaggies merk. Daar mag slegs vir verwysingsdoeleindes op die vlaggies geskryf word, met ander woorde slegs verwysings na die naam of nommer van die betrokke dissipline se standaard, standpunt of artikel in die wetgewing mag daarop verskyn. 'n Vlaggie mag nie enige woorde bevat wat nie verskyn op die bladsy waaraan die vlaggie geheg is nie. Tekste mag nie met bykomende aantekeninge en/of los bladsye aangevul word nie.

8.5 Onder geen omstandighede hoegenaamd sal kandidate toegelaat word om enige toegelate tekste te deel nie.

8.6 IRBA behou hom die reg voor om toegelate tekste na te gaan gedurende die eksamen.

- 8.7 Slegs toegelate tekste wat periodiek deur die Eksamenkomitee voorgeskryf is, sal in die eksamenlokaal toegelaat word. 'n Kandidaat wat enige ander boek(e), teks(ste) en/of kopieë in die eksamenlokaal bring sal strydig wees met die Regulasies.
- 8.8 Toegelate tekste moet ontbloot word sodat dit die toesighouer in staat kan stel om die tekste te identifiseer vanaf die omslag, sonder om die tekste oop te maak.

9. ANONIMITEIT VAN KANDIDATE

- 9.1 Elke kandidaat ontvang 'n unieke eksamenindeksnommer.
- 9.2 Die Opvoedkundekomitee sal, sover dit redelik moontlik is, verseker dat geen inligting waarmee 'n kandidaat geïdentifiseer kan word (insluitend 'n kandidaat se naam, eksamenlokaal of enige ander inligting) op enige manier met 'n kandidaat se eksamenindeksnommer of eksamenskrif verbind word voordat die evalueringsproses afgehandel is nie. Die identiteit van kandidate sal dan eers bekend gemaak word.

10. VERTROUOLIKHEID

- 10.1 Slegs lede van die Eksamenkomitee en daardie persone wat behoorlik deur die Eksamenkomitee aangestel is om die eksamen saam te stel, sal voorafkennis van die inhoud van die eksamen hê.
- 10.2 Sover dit redelik moontlik is, sal alle prosedure met betrekking tot die samestelling, druk en verspreiding van die eksamenvraestelle onder toepaslike streng beheermaatreëls plaasvind om teen enige ongemagtigde bekendmaking te waak.
- 10.3 Alle persone betrokke by die eksamenproses moet 'n verklaring van vertroulikheid en botsing van belange-vorm onderteken.

11. EIENAARSKAP, OUTEURSREG EN TOEGANG

- 11.1 IRBA bewaar die eksamenskrifte en nasienplanne vir 'n tydperk van ses (6) maande na die datum waarop die eksamenuitslae amptelik gepubliseer word. Daarna word alle eksamenskrifte en nasienplanne vernietig.
- 11.2 Kandidate kan ingevolge die Wet op Bevordering van Toegang tot Inligting, 2 van 2000 'n kopie van hulle eksamenskrifte en nasienplanne aanvra. Sodanige versoek moet op die vereiste vorm gemaak word en aan IRBA se Inligtingsbeampte gestuur word.
- 11.3 Nasienplanne is uitsluitlik vir hulp met die nasienproses bedoel. Die finale voorgestelde oplossing is die amptelike oplossing waarteen kandidate geëvalueer word en indien die nasienplanne en die finale oplossing verskil, sal die finale voorgestelde oplossing geld.
- 11.4 IRBA hou die outeursreg op die eksamenvraestelle, alle oplossings, en nasienplanne en dit bly die uitsluitlike eiendom van IRBA.

12. EKSAMENSENTRUMS

- 12.1 Die eksamen word afgeneem by eksamensentrums wat deur IRBA bepaal word. IRBA behou hom die reg voor om 'n spesifieke sentrum te kanselleer indien die getal kandidate wat aandui dat hulle die eksamen by daardie spesifieke sentrum wil skryf, onvoldoende is om die afneem van die eksamen by daardie sentrum te regverdig. In sulke gevalle sal alternatiewe reëlings getref word.

13. ALTERNATIEWE EKSAMENREËLINGS

- 13.1 Die Opvoedkundekomitee kan alternatiewe eksamenreëlings tref vir kandidate wat hierdie reëlings om mediese, persoonlike of ander redes nodig. Die beleid en prosedure wat alle aansoeke om spesiale toegewings reguleer, sal op die IRBA-webwerf (www.irba.co.za) gepubliseer word. Spesiale toegewings sal uitsluitlik na die Opvoedkundekomitee se goeddunke toegestaan word en 'n kandidaat wat beoog om aansoek te doen vir 'n spesiale toegewing moet die vereiste prosedure volg.

14. REGULASIES IN DIE EKSAMENLOKAAL

Aanmelding by die eksamenlokaal

- 14.1 Kandidate moet ten minste 30 minute voordat die leestyd begin by die eksamenlokaal aanmeld.
- 14.2 Kandidate wat vir die eksamen aanmeld, moet 'n onderneming onderteken om die Regulasies te ondersteun en te handhaaf in alle opsigte (Sien Aanhangsel "A").
- 14.3 Kandidate moet die eksamenregister teken.
- 14.4 Kandidate moet by die eksamenlokaal bewys van identiteit sowel as hulle amptelike eksamenindeksnommer op 'n IRBA-briefhoof toon.
- Slegs die volgende vorms van identifikasie word toegelaat:
- 'n geldige Suid-Afrikaanse identiteitsdokument; of
 - 'n geldige paspoort; of
 - 'n geldige kaartbestuurslisensie.
- 14.5 Die deure van die eksamenlokaal sal teen die geskeduleerde aanvangstyd toegemaak word om die opsiener toe te laat om die nodige instruksies uit te reik en eksamenskryfbehoeftes uit te deel. Kandidate wat nie teenwoordig is wanneer die deure toegemaak word nie, sal eers toegelaat word om die eksamenlokaal binne te gaan, 5 minute nadat die leestyd begin het.
- 14.6 Kandidate wat meer as een uur na die begin van die leestyd arriveer, sal nie toegelaat word om die eksamenvraestel te skryf nie.
- 14.7 Die Opvoedkundekomitee sal opsieners en toesighouers by elke eksamensentrum aanstel en sal verseker dat 'n voldoende voorraad van die nodige eksamenskryfbehoeftes by sodanige sentrums beskikbaar is.

14.8 Kandidate moet te alle tye die opsiener se instruksies volg. Versuim om dit te doen, sal as wangedrag beskou word.

Verlaat van die eksamenlokaal

14.9 Kandidate mag nie die eksamenlokaal verlaat binne die eerste 60 minute nadat die leestyd van die eksamenvraestel begin het nie.

14.10 Kandidate mag nie die eksamenlokaal binne 30 minute voor die einde van die eksamensessie verlaat nie. Kandidate moet bly sit totdat hulle eksamenskrifte en ander materiaal ingeneem is en hulle opdrag gegee is deur die opsiener om die eksamenlokaal te verlaat.

14.11 Wanneer die opsiener aandui dat die toegelate tyd vir die eksamen verstryk het, moet kandidate onmiddellik ophou skryf en alle eksamenskrifte en enige ander materiaal wat die opsiener aandui, inhandig.

14.12 'n Kandidaat sal nadat die tyd verstreke is, onder geen omstandighede toegelaat word om die eksamenlokaal te verlaat voordat al die kandidate wat in daardie eksamenlokaal skryf hulle eksamenskrifte ingehandig en die opsiener die getal eksamenskrifte vir elke vraag met die getal kandidate in die register gerekonsilieer het nie.

14.13 Kandidate mag die eksamenvraestelle behou nadat die eksamen voltooi is.

14.14 Dit is die kandidaat se verantwoordelikheid om seker te maak dat alle eksamenskrifte aan die opsiener oorhandig word voordat hy/sy die eksamenlokaal verlaat. Die opsiener sal weier om enige skrif vir nasiendoeleindes van enige kandidaat te ontvang nadat die kandidaat die eksamenlokaal verlaat het.

Die gebruik van amptelike eksamenmateriaal

14.15 Alle antwoorde moet in blou of swart ink geskryf word.

14.16 Slegs antwoorde wat geskryf is op amptelike eksamenskryfbehoeftes wat deur IRBA

verskaf is, sal geëvalueer word.

- 14.17 Kandidate sal 'n afsonderlike antwoordboek vir elke vraag of onderafdeling ontvang wat met behulp van verskillende kleure geïdentifiseer word. Die oplossing vir elke vraag of onderafdeling moet in 'n afsonderlike antwoordboek verskaf word. Toepaslike instruksies sal in die eksamenvraestel uiteengesit word.
- 14.18 Dit is die kandidaat se verantwoordelikheid om seker te maak dat hulle elke vraag in die aangewese antwoordboek vir daardie vraag of onderafdeling beantwoord. IRBA sal nie aanspreeklik gehou word vir enige skade hoegenaamd, wat 'n kandidaat ly, wat nie 'n vraag in die aangewese antwoordboek beantwoord het nie.
- 14.19 Die kandidaat se amptelike eksamenindeksnommer moet duidelik aangebring word in die toepaslike ruimte wat op elke eksamenskrif vir daardie doel verskaf word.
- 14.20 Bykomende los bladsye sal verskaf word. Die nommer van die vraag waarop 'n spesifieke los bladsy betrekking het, moet duidelik op elke bladsy aangedui word.
- 14.21 Kandidate moet seker maak dat elke los bladsy aan die korrekte eksamenskrif geheg word met die veter wat verskaf word vir hierdie doel.
- 14.22 'n Eksamenskrif moet vir elke vraag of onderafdeling ingehandig word, ongeag of die kandidaat die vraag of onderafdeling beantwoord het of probeer het om die vraag of onderafdeling te beantwoord nie, aangesien die getal eksamenskrifte wat ingehandig word, na die eksamen gebruik word om die getal kandidate vir kontroledoeleindes te rekonsilieer.

15. IDENTIFIKASIE VAN KANDIDATE

- 15.1 Enige kandidaat wat probeer om homsel/haarself op enige eksamenskryfbehoeftes te identifiseer deur enige manier buiten die gebruik van die amptelike eksamenindeksnommer, kan van die eksamen gediskwalifiseer word.

15.2 In die geval waar 'n vraag die skryf van 'n brief, memorandum of verslag vereis, moet kandidate seker maak dat hulle identiteit nie deur middel van persoonlike inligting openbaar word nie.

16. DIE GEBRUIK VAN SAKREKENAARS, ANDER ELEKTRONIESE TOESTELLE EN SELFONE

16.1 Kandidate kan 'n finansiële sakrekenaar gebruik. Die sakrekenaar mag egter nie alfabetiese funksies hê nie. Hierdie beperking sluit in die gebruik van sakrekenaars wat tot alfabetiese karakters toegang het.

16.2 Die besluit van die opsiener oor die aanvaarbaarheid van 'n spesifieke sakrekenaar is finaal.

16.3 Kandidate moet hulle eie vervangingsbatterye verskaf en sal nie toegelaat word om die eksamenlokaal te verlaat om enige batterye te vervang of om vir watter ander rede ook al na die sakrekenaars om te sien nie. Let asseblief daarop dat geen fasiliteite by die eksamenlokaal beskikbaar sal wees, hetsy voor, tydens of na 'n eksamen, vir kandidate om sakrekenaars se batterye te laai nie.

16.4 Die sakrekenaars moet sakgrootte, stil, koordloos en sonder uitdrukfasiliteite wees.

16.5 Die gebruik van elektroniese datavasleggers, handrekenaars of soortgelyke toestelle sal onder geen omstandighede hoegenaamd tydens die eksamen toegelaat word nie.

16.6 Die gebruik van selfone sal onder geen omstandighede hoegenaamd tydens die eksamen toegelaat word nie. Dit moet afgeskakel word sodra 'n kandidaat die eksamenlokaal binnegaan en nie net op "stil" of "vibreer" gesit word nie.

17. DEEL VAN EKSAMENSKRYFBEHOEFTES

17.1 Kandidate mag onder geen omstandighede gedurende die eksamen enige eksamenkryfbehoeftes deel nie. Dit sluit in die deel van enige amptelike of nie-amptelike skryfmateriaal, skryfinstrumente, sakrekenaars en toegelate tekste.

18. DISKWALIFISERING VAN DIE EKSAMEN

- 18.1 'n Kandidaat wat homself/haarself aangemeld het om die eksamen te skryf, kan gediskwalifiseer word van die eksamen vir daardie jaar sowel as vir daaropvolgende jare indien hy/sy:
- 18.1.1 Enige eksamenskrif of enige dokument agterlaat waardeur hy/sy geïdentifiseer kan word, of enige eksamenskrif merk op enige manier hoegenaamd waarop hy/sy geïdentifiseer kan word.
 - 18.1.2 Kommunikeer met, of hulp ontvang van of afskryf van die eksamenskrif van enige persoon terwyl die vraestel geskryf word.
 - 18.1.3 In die eksamenlokaal enige ongemagtigde boek, manuskrip of papier hoegenaamd in sy/haar besit het.
 - 18.1.4 Skuldig is aan enige praktyk of optrede wat, na die mening van die Opvoedkundekomitee ongerymd of oneerlik is, of daarop gemik is om hom/haar 'n onbillike voordeel in die skryf van die eksamen te gee.
 - 18.1.5 Versuim om enige opdragte met betrekking tot die eksamen uit te voer of na te kom wat periodiek uitgereik word deur die Opvoedkundekomitee of deur enige beampte wat deur die Opvoedkundekomitee aangestel is.
 - 18.1.6 Die eksamenlokaal met 'n eksamenskrif/te verlaat.
 - 18.1.7 Geskrewe annotasies in sy/haar toegelate tekste het.
 - 18.1.8 Toelaat dat enige persoon hulself valslik voordoen as die kandidaat wie vir die eksamen geregistreer het.
- 18.2 Die Opvoedkundekomitee behou hom die reg voor om sodanige bykomende stappe teen 'n kandidaat te neem as wat hy onder die omstandighede toepaslik ag en wat kan insluit om die wangedrag na die betrokke professionele liggaam te verwys.
- 18.3 Die Opvoedkundekomitee behou hom die reg voor om enige sodanige stappe te neem as wat hy toepaslik ag om die integriteit van die eksamen te beskerm.
- 18.4 Die Eksamenkomitee se beslissing is finaal en bindend.

19. NASIEN VAN EKSAMENSKRIFTE

- 19.1 Voordat enige eksamenskrifte nagesien word, word kopieë van die eksamenvraestel en die KONSEP-voorgestelde oplossing aan verskaffers van erkende akademiese, onderrig- en opleidingsprogramme gestuur vir hulle kommentaar.
- 19.2 'n Steekproef van elke vraag in die eksamen word getrek en sal hersien word deur die nasieners en beoordelaars wat vir die toepaslike vraag verantwoordelik is.
- 19.3 Die resultate van die hersiening en die kommentaar wat ontvang word, sal by 'n vergadering van die Eksamenkomitee bespreek word om vas te stel in watter mate die konsep-voorgestelde oplossing of nasienplanne aangepas moet word.
- 19.4 Na oorweging van die betrokke inligting sal 'n FINALE voorgestelde oplossing en nasienplan opgestel word. Eers nadat die nasienplanne en voorgestelde oplossings deur die Eksamenkomitee gefinaliseer is, sal die amptelike opdrag gegee word om met die nasienwerk te begin.
- 19.5 Die Eksamenkomitee sal nasieners en beoordelaars op grond van hulle kundigheid op 'n spesifieke vakgebied en ervaring met die nasien van vraestelle aanstel.
- 19.6 Elke eksamenskrif vir elke vraag of onderafdeling, sal beoordeel word deur ten minste twee onafhanklike nasieners, wat die punt wat aan daardie vraag toegeken word, op hulle afsonderlike nasienplanne sal aanteken. Eers wanneer 'n eksamenskrif onafhanklik deur albei nasieners geëvalueer is, sal die nasieners hulle onderskeie punttoekennings bekendmaak.
- 19.7 'n Beoordelaar sal vir elke onderafdeling van 'n bepaalde vraag aangewys word.
- 19.8 In gevalle waar die twee nasieners nie konsensus kan bereik oor die getal punte wat aan 'n spesifieke eksamenskrif toegeken moet word nie, sal die beoordelaar wat aan daardie vraag toegewys is, die eksamenskrif hersien en dan 'n finale punt toeken.
- 19.9 In gevalle waar die beoordelaar nie die saak kan oplos nie, sal hy/sy dit na die

Eksamenkomitee verwys, saam met die kommentaar en punte wat deur elke nasiener toegeken is. Die Eksamenkomitee sal die eksamenskrif dan hersien en besluit op die finale punt wat toegeken moet word. Die besluit van die Eksamenkomitee is finaal en bindend.

- 19.10 Die beoordelaar wat aan 'n bepaalde onderafdeling van 'n vraag toewys is, sal 'n steekproef van die eksamenskrifte hersien sodra die nasienproses afgehandel is om homself/haarself te vergewis dat die punte konsekwent en in ooreenstemming met die finale voorgestelde oplossing en nasienplan toegeken is. Die beoordelaar het die gesag om sodanige regstellende stappe te doen as wat hy/sy goed dink indien hy/sy nie met die nasienproses tevrede is nie.
- 19.11 Sodra die evalueringsproses afgehandel is, sal die uitslae op 'n elektroniese eksamenstelsel ingesleutel word. Alles moontlik sal gedoen word om te verseker dat die data wat ingevoer word in alle opsigte akkuraat is. Na die invoering sal die werklike punte wat op die eksamenskrif toegeken is met die ingevoerde data vergelyk word om te verseker dat die korrekte punt aan elke kandidaat toegeken word.

20. BEOORDELING VAN UITSLAE

- 20.1 Die Opvoedkundekomitee sal die eksamenuitslae in ooreenstemming met sy beoordelingsbeginsels beoordeel en die kandidate wat die eksamen geslaag het, diegene wat die eksamen gedruip het en diegene wat met lof geslaag het, identifiseer.
- 20.2 'n Kandidaat slaag met lof as hy/sy 'n punt van 75% en hoër in die eksamen behaal.
- 20.3 Die uitkoms van die beoordelingsproses is finaal en bindend en die beoordelingsproses sal onder geen omstandighede heropen of enige eksamenskrif hernagesien word nie.
- 20.4 Eers wanneer die beoordelingsproses afgehandel is, sal die name van die kandidate by eksamenindeksnommers gepas word om identiteite bekend te maak.

21. RAPPORTERING VAN UITSLAE

- 21.1 Die uitslae van die eksamen sal vrygestel word op 'n amptelike tyd, datum en plek soos deur die Opvoedkundekomitee bepaal is.
- 21.2 Elke kandidaat sal so gou as moontlik na die amptelike vrystelling van die uitslae skriftelik ingelig word of hy/sy die eksamen geslaag het (met of sonder lof) en of hy/sy gedruip het.
- 21.3 In gevalle waar 'n kandidaat die eksamen drui, sal 'n staat met uitslae uitgereik word wat die simbool uiteensit wat vir bepaalde onderafdeling van 'n vraag, aan daardie kandidaat toegeken is.

Die simbole moet soos volg vertolk word:


- A:** 70% of hoër
- B:** 60% – 69%
- C:** 50% – 59%
- D:** 40% – 49%
- E:** 30% – 39%
- F:** minder as 30%

- 21.4 Onder geen omstandighede hoegenaamd sal 'n kandidaat se eksamenskrif enigsins bespreek of gedebatteer word nie.
- 21.5 Onder geen omstandighede hoegenaamd sal enige aansoek om die hernasien van enige eksamenskrif oorweeg word nie.
- 21.6 'n Kopie van die amptelike eksaminatore se algemene kommentaar oor die eksamen sal op die IRBA-webwerf (www.irba.co.za) gepubliseer word.

22. ALGEMEEN

- 22.1 IRBA het die gesag om te besluit oor enige sake wat nie spesifiek in die Regulasies genoem word nie.

AANHANGSEL A



OPENBARE PRAKTYK EKSAMEN VERKLARING

Ek meld myself hiermee aan as 'n behoorlik geregistreerde kandidaat om IRBA se Openbare Praktyk Eksamen af te lê.

Ek het die inhoud van die Eksamenregulasies soos deur IRBA voorgeskryf, as geheel gelees en begryp.

Ek stem hiermee in om die inhoud van die Eksamenregulasies in alle opsigte te handhaaf.

Van: _____

Naam: _____

Eksamenindeksnommer: _____

Handtekening: _____

Datum: _____

1. EVALUERINGSDOELWIT

Wanneer u voorberei om die Openbare Praktyk Eksamen (OPE) te skryf, is dit noodsaaklik dat u verstaan wat die eksaminatore se doelwit is. Eers dan sal dit vir u moontlik wees om u studies so te rig dat u behoorlik aan daardie doelwit kan voldoen.

In terme van die Eksamenregulasies van IRBA, is die doelwit van die OPE die volgende:

Om die professionele bevoegdheid van 'n kandidaat te beoordeel om geïntegreerde kennis, vaardighede en professionele waardes toe te pas, wat toepaslik is vir die praktyk van 'n Geregistreerde Ouditeur (GO) op toetreevlak, en wat die kandidaat in staat sal stel om voort te gaan om regdeur sy/haar professionele loopbaan te leer en aan te pas.

As 'n kandidaat moet u dus u voorbereiding baseer op die begrip dat die OPE se doelwit is om u professionele bevoegdheid in die konteks van die openbarepraktyk-omgewing te evalueer.

1.1 Die openbarepraktyk-omgewing

Die eksamen word wetlik ingevolge die *Auditing Profession Act, 26 van 2005* ("die Wet") vir registrasie as 'n GO deur IRBA voorgeskryf.

As 'n statutêre reguleringsliggaam het IRBA die verantwoordelikheid om te verseker dat al sy geregistreerde lede die nodige bevoegdheid het om die openbare belang te dien. Die eksamen moet dus fokus op die openbarepraktyk-omgewing waaring GOs funksioneer.

Die aanstelling van 'n statutêre ouditeur is 'n vereiste van die Maatskappywet, en slegs persone wat ingevolge die Wet vir openbare praktyk geregistreeer is, mag die statutêre oudit uitvoer. Die doelwit van die oudit is om 'n mening uit te spreek oor of die finansiële state in alle wesentliche opsigte in ooreenstemming met 'n toepaslike finansiële verslagdoeningsraamwerk voorberei is. Ten einde hierdie mening uit te spreek, moet die oudit ingevolge Algemeen Aanvaarde Ouditstandaarde uitgevoer word.

Die GO moet etiese standarde handhaaf wanneer die oudit uitgevoer word. Die oudit word uitgevoer deur 'n risiko-gebaseerde benadering te volg, soos deur internasionale aanstellingstandarde geïmpliseer en beskryf, en hierdie funksies word ongetwyfeld uitgevoer in 'n omgewing waarin voortdurende tegnologiese vooruitgang plaasvind.

Wanneer kandidate dus vir die OPE voorberei, moet die eksamen in 'n konteks van die openbarepraktyk-omgewing geplaas word. Hierdie omgewing word deur die volgende gekenmerk:

- i) Die *Auditing Profession Act*;
- ii) Die Maatskappywet en ander relevante wetgewing;
- iii) International Financial Reporting Standards (IRFS);
- iv) International Engagement Standards issued by the International Auditing Assurance Standard Board;
- v) Die Dissiplinêre Reëls en Professionele Gedragskode; en
- vi) Inligtingstechnologie.

Dit is dus noodsaaklik dat u die nodige tegniese kennis, vaardighede en professionele waardes in bogenoemde aspekte moet verkry voordat u die OPE aanpak. Maak seker dat u die verlangde teorie bestudeer wat die werk van die ouditeur ondersteun, en dat u kennis op datum is. Hou ook die afsnydatums vir wetgewing en geopenbaarde konsepte wat geëksamineer kan word in gedagte.

1.2 Professionele en kern bevoegdheid

Die geloofwaardigheid van die kwalifikasie as 'n GO hang af van die vermoë van diegene wat die benaming dra om voortdurend aan die verwagtinge van die publiek te voldoen en 'n diens te verskaf wat toepaslik is vir die behoeftes van die Suid-Afrikaanse ekonomie.

Sentraal tot die konsep van 'n professie is die openbare verwagting dat lede van die ouditeurings professie bevoeg is in die dienste wat hulle onderneem. Dit is die verantwoordelikheid van IRBA om te verseker dat al sy geregistreerde lede die nodige

bevoegdheid het, en in stand hou, om die openbare belang en die behoeftes van die ekonomie te dien.

- **Professionele bevoegdheid**

IRBA het 'n duidelike plig om te verseker dat die professionele bevoegdheid op toetreevlak tot die professie, deur akademiese, opvoedkundige, opleidings- en beoordelingsprogramme, toepaslik is.

Professionele bevoegdheid is die vermoë om die take en rolle wat verwag word van 'n Geregistreeerde Ouditeur, hetsy pas gekwalifiseerd of ervare, volgens die standaarde wat verwag word deur die algemene publiek en wat toepaslik is vir die behoeftes van die Suid-Afrikaanse ekonomie, uit te voer.

Professionele bevoegdheid weerspieël die minimum verwagtinge van die publiek en nie die onderskeidende eienskappe van daardie individue wat as besonder doeltreffend beskou word nie. Professionele bevoegdheid vereis 'n vermoë om voortdurend te leer en by verandering aan te pas en sodoende regdeur die professionele loopbaan 'n positiewe bydrae tot die professie en die samelewing te maak.

Die ontwikkeling van professionele bevoegdheid vind plaas deur 'n onderrigprogram wat persone voorberei om die omgewing van die openbare praktyk te betree. Die onderrigprogram integreer die kernbevoegdheid wat tydens die akademiese program ontwikkel is, met praktiese ervaring wat tydens die opleidingsprogram opgedoen is.

Die demonstrasie van professionele bevoegdheid is 'n voorwaarde vir registrasie as 'n GO. Professionele bevoegdheid kan slegs gedemonstreer word in situasies wat die multidissiplinêre aard van die openbarepraktyk-omgewing weerspieël. Professionele bevoegdheid op toetreevlak tot die beroep word in die Openbare Praktyk Eksamen geëvalueer.

Kernbevoegdheid is 'n integrale komponent van professionele bevoegdheid.

- **Kernbevoegdheid**

Kernbevoegdheid is die vermoë om die konsepte en beginsels van 'n gedefinieerde tegniese kennisinhoud en stel professionele waardes, op 'n geïntegreerde en analitiese wyse toe te pas, ooreenkomstig 'n standaard wat beskou word as 'n toepaslike grondslag vir verdere professionele ontwikkeling.

n Toepaslike vlak van kernbevoegdheid is 'n voorvereiste vir die demonstrasie van professionele bevoegdheid. Kernbevoegdheid word ontwikkel in die erkende akademiese program en beoordeel in die erkende professionele kwalifiserende eksamen (SAIGR Kwalifiserende Eksamen Deel I).

Die OPE moet dus die professionele bevoegdheid van 'n kandidaat op toetreevlak tot die beroep beoordeel. Die eksamen veronderstel dat die kandidaat reeds deur 'n akademiese program die verlangde kernbevoegdheid ontwikkel het, en met sukses daardie kernbevoegdheid gedemonstreer het deur 'n professionele kwalifiserende eksamen te slaag.

Die “*Education, Training and Professional Development Committee*” (EDCOM) van IRBA die volgende ses professionele bevoegdhede gedefinieer wat sy verwagtinge van suksesvolle kandidate van die OPE omskryf:

- i) Die vermoë om konsepte en beginsels uit 'n bepaalde tegniese kennisinhoud, vaardighede en professionele waardes op 'n geïntegreerde en analitiese manier toe te pas op komplekse situasies wat waarskynlik in die multidisiplinêre openbarepraktyk-omgewing sal voorkom. Die bepaalde tegniese kennisinhoud, vaardighede en professionele waardes sal periodiek deur EDCOM voorgeskryf word.
- ii) Die vermoë om vaardighede te benut wat ontwikkel het as gevolg van praktiese ervaring om probleme op te los wat met die funksie van 'n GO verband hou.
- iii) Die vermoë om professionele oordeel toe te pas by die beoordeling van alternatiewe en die aanbeveling van oplossings vir situasies wat die openbarepraktyk-omgewing weerspieël.
- iv) Die vermoë om doeltreffend te kommunikeer deur toepaslike argumente en aanbevelings te formuleer op 'n bondige en logiese manier wat geskik is vir die spesifieke gebruiker en

besondere vlak van gerusstelling wat nodig is.

- v) Die vermoë om in openbarepraktyk-situasies 'n omvattende begrip van die professionele waardes van die beroep in die algemeen, en die etiese vereistes eie aan die praktyk van 'n GO te demonstreer en toe te pas.
- vi) Die vermoë om voort te gaan om te leer en aan te pas by verandering deur bewus te wees van huidige verwickelinge wat die toekoms van die professie vorm.

Professionele bevoegdheid word beoordeel binne die konteks van 'n skriftelike eksamen. Die kans op sukses word dus verbeter deur 'n kandidaat se vermoë om daardie bevoegdheid op 'n skriftelike wyse te demonstreer.

Dit impliseer dat u elke geleentheid in die eksamen moet benut om aan die eksaminator te bewys dat u:

- ◆ Oor die verlangde tegniese kennis, vaardighede en professionele waardes beskik;
- ◆ Praktiese ervaring kan benut om probleme op te los;
- ◆ Professionele oordeel kan gebruik;
- ◆ Doeltreffend kan kommunikeer;
- ◆ Professionele waardes en etiese vereistes in u benadering toepas; en
- ◆ Verbind is tot 'n lewenslange leerproses.

2. EKSAMENEGNIEK

Die toepassing van goeie eksamentegniek stel kandidate in staat om professionele bevoegdheid in die konteks van 'n skriftelike eksamen te bewys. Die volgende paragrawe gee meer riglyne oor die gebruik van sodanige eksamentegniek om u sodoende u vermoë om professionele bevoegdheid te demonstreer, te verbeter.

2.1 Behoorlike voorbereiding

Tegniese bevoegdheid is 'n noodsaaklike komponent van professionele bevoegdheid. U tegniese bevoegdheid is ontwikkel gedurende die akademiese program en beoordeel in die professionele kwalifiserende eksamen. U sal moet demonstreer dat u u tegniese bevoegdheid in stand gehou het, deur op datum te bly.

Dit beteken dat u die werk wat in die akademiese program gedek is, moet hersien en dat u die nodige addisionele kennis moet verkry waar veranderinge in wetgewing en standaarde/geopenbaarde konsepte sedert u akademiese program plaasgevind het. Die onderrigprogram sal ook aan u ondersteuning verskaf met die instandhouding van u tegniese bevoegdheid.

Behoorlike begrip en kennis van al die onderwerpe in die gedefinieerde kurrikulum is noodsaaklik. Onthou, die eksamen se doelwit is om 'n aanvaarbare balans ten opsigte van die onderwerpe te verkry.

Die eksamen is nie beperk tot 'n toets van tegniese bevoegdheid nie, maar toets ook professionele bevoegdheid. U moet die kennis, vaardighede en professionele waardes in die openbarepraktyk-omgewing kan toepas.

U kan dit oefen deur:

- ◆ Vrae te vra en seker te maak dat u die toepassing van teorie in die praktyk verstaan terwyl u u praktiese opleiding voltooi;
- ◆ Die inhoud van die onderrigprogram wat ontwerp is om u met die integrasie van teorie en praktyk te help, te hersien; en
- ◆ Gevallestudievrae te hersien om die toepassing van teorie in komplekse praktiese situasies te oefen.

Kandidate probeer dikwels om soveel vrae as moontlik te dek sonder om werklik by die proses te baat. Onthou om op die **kwaliteit eerder as die kwantiteit** van u studies te fokus!

Dit is dikwels beter om 'n paar vrae vir studiedoeleindes te kies en om die verlangde en voorgestelde oplossing in besonderhede te bestudeer, eerder as om bloot deur die vrae en voorgestelde oplossings van groot hoeveelhede gevallestudies te lees. Wanneer u die vrae bestudeer, maak seker dat u presies verstaan waarom die voorgestelde oplossing, die ideale oplossing is

ONS STEL VOOR DAT U:

Uself vrae soos die volgende vra:

- ◆ Wat is die logika agter die voorgestelde oplossing en hoe kan ek dit in verband bring met die beginsels en konsepte waarmee ek vertrou is?
- ◆ Waarom noem die eksaminator hierdie feit, terwyl my oplossing dit glad nie noem nie?
- ◆ Waarom beklemtoon die voorgestelde oplossing 'n spesifieke aspek terwyl my oplossing dit net kortliks noem?
- ◆ Is daar besonderhede in hierdie vraag wat ek oor die hoof gesien het, en in die formulering van my antwoord in ag moes geneem het, en wat het veroorsaak dat ek dit oor die hoof gesien het?
- ◆ Het ek akkuraat op die vereistes van die vraag gereageer, of het ek die vraag geantwoord voordat ek vasgestel het wat presies nodig is?

Dit kan selfs voordelig wees om dieselfde vraag meer as een keer te bestudeer. Elke keer as u 'n spesifieke vraag weer probeer, behoort u nuwe insig te verkry en sodoende kan u u eie vertrou in u vermoë verhoog.

2.2 Berei uself geestelik voor

Het u al gewonder waarom mededingende atlete gewoonlik die atleetiekstadion die aand voor 'n wedloop besoek? Die rede is dat hulle besef dat fisiese voorbereiding nie voldoende is om sukses te waarborg nie, maar dat hulle geestelik ook voorbereid moet wees. Op dieselfde manier moet u die nodige stappe doen om seker te maak dat u op u beste kan presteer.

ONS STEL VOOR DAT U:

- ◆ Seker maak dat u weet waar die eksamenlokaal is en beraam hoe lank dit u sal neem om daar te kom, met inagneming van die verkeer en onvoorsiene omstandighede wat kan veroorsaak dat u nie betyds by die lokaal aankom nie.
- ◆ Rus en kry voldoende slaap die dag voor die eksamen. Dit is onrealisties om te verwag dat u vir vyf ure lank in 'n top toestand moet presteer as u vooraf onvoldoende rus gekry het.
- ◆ Maak seker dat u die skryfbehoeftes het wat u nodig het, met inbegrip van 'n ekstra pen en 'n sakrekenaar (wat aan die eksamenregulasies voldoen), aangesien u onder geen omstandighede gedurende die eksamen skryfbehoeftes mag deel nie. Skryfbehoeftes word ook nie by die lokaal verskaf nie.

2.3 Kies 'n betroubare benadering

Dit is noodsaaklik dat kandidate die vermoë moet demonstreeer om geïntegreerde kennis, vaardighede en professionele waardes te kan toepas op 'n spesifieke stel omstandighede wat in die gevallestudie geskets word.

U moet dus die gegewe feite kan verstaan, kritieke kwessies kan identifiseer, praktiese ervaring en teoretiese kennis kan benut en dan 'n goed-gestruktureerde en logies-voorgelegde antwoord kan saamstel.

Dus:

- **Verstaan die scenario**
 - **Verstaan wat verlang word**
 - **Beplan die antwoord**
 - **Formuleer die antwoord**

2.3.1 Verstaan die scenario

Voordat hy aanbevelings aan die oudit kliënt maak, moet die GO seker maak dat hy die besondere omstandighede en die omgewing waarin die oudit kliënt werksaam is, verstaan. Dit sou byvoorbeeld ontoepaslik wees om aan 'n kleiner ouditeursfirma voor te stel dat bykomende personeel in diens geneem moet word om verantwoordelikhede in 'n spesifieke funksie te kan verdeel, wanneer u weet dat die onderneming onder streng begrotingsbeperkinge werk. Dit is eerder onder hierdie omstandighede meer toepaslik om voor te stel dat bestuur gereeld die funksie hersien om sodoende te verseker dat voldoende kompenserende beheermaatreels geïmplementeer word.

Netso moet u die inligting wat in die gevallestudie verskaf word, noukeurig lees en ten volle begryp, sodat u 'n antwoord kan formuleer wat op die spesifieke omstandighede gebaseer is.

ONS STEL VOOR DAT U:

- ◆ Die vraag meer as een keer lees, die eerste keer om vertrouwd te raak met die algemene scenario en daarna om beduidende kwessies te identifiseer.
- ◆ Seker maak dat u vertrouwd is met die kompleksiteit van die situasie wat in die scenario geskets word sodat u die feite kan identifiseer wat die mees relevante vir die verlangde gedeelte van die vraag.
- ◆ Enige raakvlak tussen verskillende dele van die verlang identifiseer. Dit sal u help om doeltreffender rigting aan u oplossing te gee.
- ◆ Gedeeltes te identifiseer waar punte maklik verkry kan word en verseker dat hierdie gedeeltes behoorlik beantwoord word.
- ◆ **NIE** probeer om die verlang te voorspel gedurende die leestyd nie aangesien tyd gemors was as die verlang nie is soos voorspel was nie.

2.3.2 Verstaan wat verlang word

Professionele ouditeurs moet toepaslik kan reageer op spesifieke behoeftes en bekommernisse wat deur die oudit kliënt geopper word. 'n GO sou byvoorbeeld nie 'n volledige oudit doen waar die doel van die oudit-aanstelling is om oor feitelike bevindinge verslag te doen nie.

Voordat u probeer om u antwoord te formuleer, moet u dus eers bepaal presies wat verlang word.

ONS STEL VOOR DAT U:

- ◆ Die presiese bewoording van die vraag ontleed en direk reageer. U sal byvoorbeeld geen punte kry vir auditprosedures waar die vraag spesifiek vra vir die formulering van auditdoelwitte nie.
- ◆ Die vraag in die konteks van die gegewe scenario beantwoord. Moenie bloot teoretiese paragrawe aanhaal wat op enige omgewing betrekking kan hê, sonder om te demonstree hoe dit op die spesifieke situasie van toepassing is nie.
- ◆ Besondere aandag bestee aan enige beperkinge wat geplaas word op die omvang en detail wat verlang word. Waar 'n vraag byvoorbeeld vereis dat u *kontrollerisiko* moet identifiseer, sal u geen punte kry vir die identifisering van opsporings- of inherente risiko's nie, omdat die vraag u spesifiek tot kontrollerisiko beperk. Let ook noukeurig op enige instruksies om sekere aspekte te ignoreer, of om sekere veronderstellings te maak.
- ◆ Seker maak dat u u antwoord verskaf in die formaat wat deur die vraag verlang word, byvoorbeeld 'n brief, verslag of tabel.
- ◆ Die breedte en diepte van die vraag bepaal. 'n Vraag van 40 punte kan byvoorbeeld 'n gedetailleerde bespreking (diepte) van vier belangrike kwessies vir 10 punte elk verlang. Alternatiewelik kan 'n 40-puntvraag 'n lys (breedte) van 40 kwessies verlang.
- ◆ Die puntetoewysing gebruik as 'n riglyn om die omvang en detail te bepaal van die antwoord wat verlang word.
- ◆ Seker maak dat u die presiese fokus van die vraag verstaan en dat u nie u oplossing van die verlangde antwoord laat afwyk nie. Eksaminatore vind gewoonlik dat kandidate geweldig baie tyd mors met kwessies wat nie in die vereistes gespesifiseer word nie.

2.3.3 Beplan die antwoord

Sonder behoorlike beplanning kan die ouditeur nie seker wees dat alle belangrike kwessies geïdentifiseer is en dat die ouditbenadering geskik is vir die omstandighede nie. Netso kan u nie sonder behoorlike beplanning van die antwoord verseker dat u die belangrikste kwessies aanspreek en op 'n doeltreffende wyse punte verdien nie.

Kandidate wat hulle haas in 'n poging om die vraag te beantwoord sonder om behoorlik te beplan, skryf gewoonlik onnodig lang paragrawe omdat hulle nie die antwoord genoeg deurdink het nie. Hulle mors dus tyd om elke punt neer te skryf wat by hulle opkom, ongeag of dit toepaslik is of nie. Hulle is ook geneig om van die sentrale kwessies voorhande af weg te dwaal. Die antwoord toon gewoonlik 'n gebrek aan logiese gedagtegang.

ONS STEL VOOR DAT U:

- ◆ Die omstandighede wat in die vraag geskets word, hersien voordat u 'n antwoord probeer formuleer, en sentrale kwessies identifiseer wat op die verlang van toepassing is. Daarna kan u die sleutelpunte identifiseer wat op elke sentrale punt betrekking het. Nadat u dit gedoen het, kan u u antwoord formuleer onder toepaslike opskrifte deur die sentrale en sleutelkwessies as 'n riglyn te gebruik. Hierdie benadering sal verseker dat u u antwoord op 'n logiese en samehangende manier aanbied.
- ◆ U oplossing beplan deur alle belangrike kwessies met betrekking tot die verlang te identifiseer.
- ◆ Besluit oor die omvang van die besonderhede wat verlang word met betrekking tot elke kwessie wat geïdentifiseer word. Dit hang af van die belangrikheid van die kwessie en die puntetoekenning.

2.3.4 *Formuleer die antwoord*

Die kwaliteit en inhoud van u antwoord is 'n aanduiding van die vlak van u professionele bevoegdheid. Die antwoord moet op 'n professionele manier aangebied word, en punte word toegeken vir:

- ◆ Doeltreffende uitleg en aanbieding;
- ◆ Duidelike verduideliking;
- ◆ Logiese argument; en
- ◆ Duidelike en bondige taalgebruik.

ONS STEL VOOR DAT U:

- ◆ Presiese taal gebruik en dubbelsinnighede en herhalings vermy;
- ◆ Seker maak dat u antwoord logies is en dat die nasiener 'n logiese redenasie regdeur kan volg;
- ◆ Aanbevelings en stellings wat gemaak word met geskikte bewoording en redes ondersteun;
- ◆ Enige nodige aannames wat u maak met betrekking tot u aanbevelings duidelik uitspel;
- ◆ Netjies en leesbaar skryf;
- ◆ Op 'n direkte en bondige manier reageer;
- ◆ Onderskei tussen sentrale kwessies deur toepaslike opskrifte en paragrawe te gebruik;
- ◆ 'n Nommervolgorde gebruik soos in die vereistes aangedui word; en
- ◆ Net algemeen erkende afkortings gebruik.

2.3.4.1 Maak seker dat u u oplossing in terme van wat verlang word, stel:

- Indien u gevra word om “ouditprosedures te beskryf”, moenie sinne begin met “verseker dat” nie, aangesien dit 'n doelwit eerder as 'n beskrywing is.

- Ideaal gesproke moet 'n omskrywing van 'n ouditprosedure begin met een van die prosedure-werkwoorde wat in ISA 500 gelys word, byvoorbeeld “Inspekteer”, “Neem waar”, “Doen navraag oor”, of “Voer weer uit”.
- Netso behoort 'n beskrywing van 'n interne beheermaatreël aan te dui deur wie en hoe die beheermaatreël uitgevoer moet word.
- Ander werkwoorde wat omsigtig gebruik, en eerder vermy moet word, is “stel vas”, “bepaal”, “kyk na” en “oorweeg”, aangesien dit ook geneig is om duidelik beskrywende oplossings te vermy.
- Wanneer u gevra word om “ouditprosedures te beskryf”, moenie rekeningkundige beginsels noem nie. Let op dat die waarneming: “Inventarisse moet gewaardeer word teen die laagste van die koste en die netto realiseerbare waarde” nie 'n prosedure is nie. Die prosedures moet byvoorbeeld kyk na aspekte soos inspeksie van die inventarisse, heruitvoering van die berekening van netto realiseerbare waarde, die heruitvoering van die vergelyking tussen koste en netto realiseerbare waarde, en berekening van 'n ouditbeoordeling van die voorsiening.

2.3.4.2 Berei u antwoord in kolomme voor indien toepaslik:

Voorbeelde waar kolomme nuttig is, is:

- "Identifiseer die ouditrisiko's en, vir elke risiko wat geïdentifiseer word, beskryf die verwante ouditprosedure."
- "Identifiseer swakhede in beheermaatreëls, en, vir elke swakheid wat geïdentifiseer word, lê 'n aanbeveling aan bestuur voor."
- "Identifiseer die doelwit, en vir elke doelwit gee die kontroleprosedure."

2.3.4.3 Gebruik punt-formaat waar moontlik:

Dit help u om 'n gedissiplineerde, bondige antwoord te verskaf en lei tot 'n doeltreffender aanbieding.

- Wees bondig.
- Wees spesifiek.

2.3.4.4 Bly altyd bewus van u rol met betrekking tot die vraag:

- Indien u die ouditeur is, moet die oplossing 'n fokus op die risiko van wanvoorstelling van rekeningkundige inligting behou.
- Indien u bestuur moet adviseer, sal u oplossing 'n breër fokus moet hê.

3. ANDER NUTTIGE EKSAMENRIGLYNE

3.1 Bestuur tydtoewysings

Die aantal punte wat aan 'n spesifieke vraag toegeken word, is 'n aanduiding van die omvang van die antwoord wat deur die eksaminatore verlang word. U moet u tydtoewysing vir elke gedeelte op die puntetoewysing baseer en nie te veel tyd bestee aan een afdeling ten koste van 'n ander nie. Ervaring het getoon dat daardie kandidate wat getrou probeer om elke gedeelte in die eksamen te doen, 'n groter kans staan om te slaag as dié wat probeer om volpunte te behaal in slegs twee of drie gedeeltes, maar dit selde regkry.

ONS STEL VOOR DAT U:

- ◆ Die tyd bereken wat nodig is om elke gedeelte te voltooi voordat u daarmee begin.
- ◆ Al die vrae probeer antwoord.
- ◆ U tyd bestuur om te verseker dat u voldoende aandag aan al die afdelings spandeer, en binne elke afdeling tyd toeken aan elke subafdeling, en by laasgenoemde tydtoekenning hou.

3.2 Handhaaf 'n positiewe houding

Die GO moet doeltreffend kan reageer op onvoorsiene en uitdagende gebeure soos dit voorkom. Kandidate moet dus 'n aanpasbare houding, en die vermoë om onder druk te werk in onbekende omstandighede, demonstreer.

ONS STEL VOOR DAT U:

- ◆ Glo in u vermoë en die eksamen met standvastige vasberadenheid benader.

3.3 Handhaaf jou energievlak

Kandidate sal ongeveer tien ure aan die OPE dag bestee; van die tyd dat hulle die huis verlaat tot aan die einde van die eksamen. Geestelike paraatheid op hierdie dag mag tot sukses bydra.

ONS STEL VOOR DAT U:

- ◆ Eet reg, voor en gedurende die 2 uur breuk om sodoende jou bloedsuiker-en energievlakke te handhaaf.